Party reageer op goedkoop drank

HENDRIK MINNIE, provinsiale leier van die ACDP in die Vrystaat :

DANKIE vir die plasing van die berig oor goedkoop drank by die nagklub Reds, en die bestuurder se reaksie, naamlik dat die drank so goedkoop voorsien word om die jong mense weg van dwelms te probeer hou. Die ACDP het heelwat reaksie ontvang van mense oor die hele spektrum heen oor dié logika.

Die argument slaan ons egter dronk - verskoon die woordspeling. Nie alleen dien drankgebruik dikwelsas die aanloop tot dwelmgebruik nie, maar bly drankmisbruik op sy eie gevaarlik. Verlede jaar is byvoorbeeld berig oor hoe oud-premier Lekota se seun om hierdie rede in 'n koma in die hospitaal beland het.

Dit blyk ook jaarliks uit die veldtog Kom veilig daar se ongelukstatistieke dat drankgebruik 'n rol in vele ongelukke speel.

Oor die jare het die wetgewer ook strenger perke gestel oor wat die toelaatbare vlak van alkohol is voordat iemand mag bestuur, en is die agterdeur boonop oopgelaat om iemand met 'n laeralkoholinhoud van dronkbestuur te kan aankla as hy of sy meer gevoelig vir alkohol is.

En teen al hierdie pogings in kom iemand en moedig drankgebruik aan!

Sy redenasie laat die ACDP se Afrikaanse nuusbrief se satiriese skrywer dink aan die Afgaanse krygsheer wat die kinders van sy dorpie met handgranate laat speel sodat hulle die bomme wat nie ontplof het nie en die strate vol lê, moet uitlos.

Ongelukkig het die granate die kinders net makker vir die bomme gemaak, met noodlottige gevolge.